NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** www.noordsin.co.za;
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Franscois Genis****, 071 777 9302, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** ***Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

18 Mei 2018
Nr 16/2018

Warm nuus!

Nuus uit die kantoor van die Algemene Sinode

Verklaring van die moderatuur: Hofsaak oor selfdegeslagverhoudings

Gustav Claassen [Algmene Sekretaris] skryf op 12 Mei 2018 die volgende: "*… Aangeheg vind jy 'n verklaring van die moderatuur. Die afgelope tyd het daar in die pers berigte verskyn oor die hofsaak waarin die NG Kerk tans betrokke is. In die verklaring wat aangeheg is, volg kommentaar op hierdie berigte."* **[**Lees die verklaring hier**…]**

Sinodenuus

Bybel-lees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind op **22 Mei 2018** om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas.
Skriflesing: Jesaja 6.
Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

SURVIVORKAMP : Vir alle graad 8 en 9's (Badseloop)

Datum: **Maandag 25 Junie - Vrydag 29 Junie 2018**
Die Noordelike Sinode - Ring van Pietpotgietersrus bied aan 'n **SURVIVORKAMP** vir alle Graad 8 en 9 leerlinge,te BADSELOOP (± 13 km suid van Naboomspruit (Mookgopong). Dis 'n avontuur-ervaring, waar jongmense net deur dinge wat hul ervaar en doen, meer van hulself en hul talente leer.
Die koste vir die kamp beloop R700 per persoon.
Navrae: Skakel gerus die kampleier ds Jacques Erasmus [072 653 9845; Epos: ds.jacques.erasmus@gmail.com]

NB **Inskrywingsvorms** is hier beskikbaar!

Daar is ook plek vir 'n klompie jongmense (Matrieks / Studente) om as **"PERSONEEL**" saam te kamp. ***LW*** Die bywoning van die Personeelopleidingsnaweek is VERPLIGTEND en vind op *23-24 Junie 2018* plaas.

Kolleganuus

❖ Beroep/afskeid

Willem Immelman (Rustenburg-Bergsig] het die beroep na Ashton aanvaar. Sy afskeidspreek vind eerskomende Sondag, ***20 Mei 2018*** om 9:00 plaas.

❖ Verjaarsdagwense *Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:*

20/05 Willem Boshoff [Queenswood, 079 881 9682, kakiebos62@gmail.com]
Etienne van Staden [Soutpansberg, 083 274 3227, vanstadenetienne8@gmail.com]
Fanie Senekal [Emeritus, 082 692 1670]
21/05 Chris Odendaal [Emeritus, 082 335 2181, odendaalc@gmail.com]
22/05 Stefan Botha [Andrew Murray, 082 873 2528, stefan@drcamp.co.za]
Zelda Massyn [Rustenburg-Moeder, 074 129 3458, zeldamassyn@thevohf.com]
Schalk Naudé [Emeritus, 082 575 5277]
23/05 Johan Erasmus [Emeritus, 072 340 4224, rasmusjc@telkomsa.net]
24/05 Christiaan Gericke [Emeritus, 082 774 4752, cgericke@ngkrokodilrivier.co.za]
26/05 Hendrik Barnard [Valhalla, 083 269 2768, hjjbarnard5@gmail.com]

****

23/05 Marlene Du Toit [Villieria, 012-331 1241, derick@ngv.co.za]
Aneen Naudé [Rietfontein-Noord, 012- 331 8449, francois@ngkrn.co.za]

❖ Bestmed: Verkiesing van Raad van Trustees

Elke Bestmed-lid word weer vriendelik herinner dat die verkiesing tans aan die gang is en dat die laaste dag waarop stemme uitgebring kan word, 28 Mei 2018 is. Die stemproses sluit om 12:00 namiddag. [Lees hier meer...]
Vir enige navrae, kontak Bestmed by 012 429 0505 / bestmedelection2018@za.pwc.com.

Gemeentenuus

❖ Mootvallei: Wynveiling

Datum: ***25 Mei 2018*** om 19:00
Driegang maaltyd sal gedurende die veiling aangebied word teen R150 per persoon.
Navrae: 012-335 0611 – h/v Louis Trichardtstraat en Morganlaan, Parktown, Pretoria

❖ Tuinrand: Mini-Basaar

Datum: ***25 Mei 2018***
Tyd: Vanaf 16:00 tot laat
Stalletjies: Hamburgers, pannekoek, koeldrank, koffie & tee, jaffels, kerrie en rys, koek, nageregte, "Wit Olifanttafel"

❖ Sesmylspruit: Basaar

'n Hartlike uitnodiging aan almal om die geleentheid by te woon!
Datum: Saterdag, ***26 Mei 2018*** vanaf 08:30
Adres: Von Willichlaan 208, Clubview.

Raakgelees

- Lees die berig in die nuutste Kerkbode oor **EJ en Sané Leach** (voorheen van Waverley) se reis na Hyderabad, Indië: "*Ons voel geroepe vir die uitgeworpenes"* [Kliek hier]
- **Paul du Plessis** [Riviera-Jakaranda] is voorsitter van die Algemene Kuratorium wat toesig hou oor die teologiese opleiding van die kerk. Sy artikel "*Teologiese opleiding in die hart van die Kerk"* verskyn in die nuutste Kerkbode. [Kliek hier].

Ander nuus

- **VONKK-Opedag 2018**
  Kom leer die A tot Z van VONKK en ons musiek!
  Datum: ***9 Junie 2018*** om 08:30
  Plek: Ned Herv Kerk Pretoria-Oos [Delyweg 100, Waterkloof-park, Pretoria.
  VBO punte: sal gereël word vir die leraars wat die geleentheid bywoon.
  Vir die program en inskrywingsvorm: Kliek hier
  Sluitingsdatum vir inskrywings: *31 Mei 2018*

- **Excelsus: Brugbediening**
  Doel: Verandering van predikant in 'n gemeente laat so 'n gemeente in 'n tyd van onsekerheid. Die pad vorentoe is onseker totdat 'n nuwe permanente bediening weer in plek is. Hierdie kursus poog om brug predikante op te lei vir die fasilitering tydens hierdie oorgang periode, en tot voordeel van die gemeente.
  Week 1: ***20-23 Augustus 2018***
  Week 2: ***5-8 November 2018***
  Kursusleier: Prof Malan Nel
  Kursuskoste: R2 200(VAT inkl)
  Plek: Universiteit van Pretoria
  Kursuspunte: 70
  Registrasie/inskrywing: Kontak gerus vir Hesmarie by 012 420 4952.

- **Nuusbriewe**
  - **Bybel-Media nuus** [Besoek www.bybelmedia.org.za]
    Lees in hierdie nuusbrief meer oor die inhoud van die *Kerkbode van 18 Mei* asook die *jongste publikasie, Om reg te stel* deur Ernst Conradie…

  - **CLF-nuus:**
    Lees in hierdie week se bydrae meer oor die geskiedenis van CLF pamflette – toe bekend as traktaatjies en hoe dit vandag steeds gratis beskikbaar is [Lees die artikel hier]

Gebedslys

Hiermee ***'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers*** *om enige* ***sake vir voorbidding*** *aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Pinksterfees (20 Mei 2018).
- Dankie vir die reen wat in die afgelope tyd in baie plekke geval het.
- Dink aan mense wat aan die winterkoue blootgestel is.

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

- **UP Fakulteit Teologie**: **Gelegitimeerde proponente 2017**
  - ***Jeanri Bezuidenhout*** [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]
  - ***Camille Castelyn*** [079 506 5117, camillecastelyn@gmail.com]
  - ***Werner Smal*** [079 883 2729, wernersmal777@gmail.com]

- **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**
  Gerhard Bothma *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*

Ten slotte

BYLAES

Verklaring van die moderatuur:

HOFSAAK TEEN DIE NG KERK OOR SY BESLUITE OOR SELFDEGESLAGVERHOUDINGS IN 2016

Beste Kollega

Ek vertrou dit gaan goed. Met Pinkster om die draai, glo ek jy is in hierdie stadium hard aan die voorberei. Sterkte daarmee. Mag dit, soos elke jaar, 'n baie geseënde tyd wees. Hoe wonderlik om opnuut die teenwoordigheid en voortgaande menswording van die opgestane Here te kan vier. En hoe Christus ná sy hemelvaart steeds in die kerk en in die wêreld aan die werk is.

Aangeheg vind jy 'n verklaring van die moderatuur. Die afgelope tyd het daar in die pers berigte verskyn oor die hofsaak waarin die NG Kerk tans betrokke is. In die verklaring wat aangeheg is, volg kommentaar op hierdie berigte.

Vriendelike groete

Gustav Claassen
Algemene Sekretaris
Nederduitse Gereformeerde Kerk
12 Mei 2018

VERKLARING VAN DIE MODERATUUR
HOFSAAK TEEN DIE NG KERK
OOR SY BESLUITE OOR SELFDEGESLAGVERHOUDINGS IN 2016

Die moderatuur van die NG Kerk is bewus van 'n aantal verwarrende persberigte oor die aansoek wat 11 van ons lidmate by die Hooggeregshof ingedien het om die kerk se 2016-besluit oor selfdegeslagverhoudings ongeldig te laat verklaar.

Hiermee bied ons verdere toeligting oor die saak.

Die aansoek gaan oor veral twee kwessies, naamlik die vraag of die vergadering van die Algemene Sinode in 2016 die regte prosedure gevolg het toe daar oor selfdegeslagverhoudings besluit is, en of die kerk se besluit aan die vereistes van die land se grondwet voldoen.

Die moderatuur is teleurgesteld dat daar nie daarin geslaag kon word om die applikante te oortuig om die tegniese kwessies binne die kerklike opset en raamwerk van ons Kerkorde te hanteer nie. Daar word immers binne ons Kerkorde ruimte gemaak daarvoor dat enige kwessie waaroor reeds besluit is weer by 'n volgende vergadering van die Algemene Sinode bespreek kan word en dat vorige besluite inderdaad herroep kan word, hetsy weens tegniese foute wat gemaak is of oor inhoudelike aspekte van die besluit. Die saak kan deur 'n gravamen, beswaarskrifte en/of beskrywingspunte vanaf kerklike vergaderings op die agenda van die vergadering geplaas word.

Die kerk het reeds in Junie 2017, toe die applikante aangedui het dat hulle in 'n arbitrasieproses belangstel, positief reageer. Die reëling was egter dat die eedverklarings van die twee partye eers gefinaliseer moes word en dat daar dan finaal oor die moontlikheid van arbitrasie besluit sou word. Die kerk is teleurgesteld dat die applikante nou verkies om nie van 'n geregtelike arbitrasieproses gebruik te maak nie.

In hulle eedverklaring het die applikante veral na regstegniese sake verwys, onder meer die reg op appèl teen besluite van die Algemene Sinode. Die verteenwoordigers van die kerk het deur hulle eedverklaring besluit om nie die reg op appèl teen Algemene Sinode se besluite te verdedig nie. Die kerk is egter oortuig dat die vergadering van 2016 op 'n wettige manier byeengeroep is om gravamina, beskrywingspunte en voorleggings te bespreek. Die saak waaroor die 2015-besluite gegaan het, is op hierdie manier nuut op die tafel van die Sinode geplaas, bespreek en tot stemming gebring. Die voortspruitende besluite is op die korrekte kerkordelike manier geneem.

Die kerk moes in sy eedverklaring op bewerings van die applikante reageer. Die applikante het onder meer beweer dat die kerk met sy 2016-besluit gay persone se reg op vrye assosiasie aantas. Die kerklike verteenwoordigers stem nie met hierdie bewering saam nie en het dit so in hulle eedverklaring aangedui. 'n Interpretasie dat die kerk hiermee gay lidmate aanmoedig om by ander kerke aan te sluit, of nie omgee as hulle dit sou doen nie, is beslis nie 'n korrekte weergawe van die kerk se stellingname of bedoeling in sy eedverklaring nie. Die kerk het immers 'n akkommoderende standpunt (2016) oor sy gay lidmate ingeneem, wat juis op die teendeel van so 'n gesindheid dui.

Die kerk hoop steeds dat die bekommernisse en weerstand van die 11 applikante teen die 2016-besluit buite die hof besleg sal kan word.

Terug

CLF NUUS

Pamflette – die sosiale media van die 16de eeu en steeds vandag die ongewone 'papiersende-ling'

Die gebruik van traktaatjies – vandag bekend as pamflette - as godsdienstige instrument dateer baie eeue terug, selfs tot voor die boekdrukkuns ontwikkel het. John Wycliffe het reeds in die veertiende-eeuse Engeland sy leerstellinge deur traktaatjies versprei. Dwarsdeur die onstuimige jare van die Reformasie in die sestiende eeu is daar baie van traktate, oftewel kort, bondige geskrifte, gebruik gemaak om nuwe idees te versprei. Mens sou dit die **sosiale media van daardie**

tyd kon noem en dit het baie groot impak op die gebeure van die tyd gehad. Traktaatjies het mettertyd veral 'n rol in verskeie evangeliese bewegings gespeel en is ook as belangrike sendinginstrument gebruik. Al hoe meer is dit as ideaal gestel dat traktaatjies as deel van 'n persoonlike gesprek aan 'n ander oorhandig moet word waar die inhoud verduidelik word binne 'n konteks van vertroue en respek.

Miljoene traktaatjies, oftewel "ongewone papiersendeling" is oor die jare versprei en is daar duisende roerende briewe ontvang oor die invloed – dikwels ingrypende, lewensveranderende invloed – wat traktaatjies op mense se lewe binne spesifieke situasies gehad het.

Sedert 2010 word daar doelbewus op die volgende kategorieë gefokus:

1. Evangelisasie
2. Geestelike groei
3. Gemeentetoerusting
4. Maatskaplike kwessies
5. Pamflette vir Kinders

CLF se pamflette is taalryk en kleurvol. Dit word steeds gratis versprei en is in 'n hele aantal tale beskikbaar; meer as 2 miljoen per jaar word versprei!

CLF se gratis pamflette kan aanlyn by www.clf.co.za of per e-pos by order@clf.co.za bestel word. Vir meer inligting kontak CLF by (021) 873 6964.

Terug

BYBEL-MEDIA NUUS
14 Mei 2018

Lees in die Kerkbode van 18 Mei ...

Op 76 het **ds Petrus Moolman** sy doktorsgraad verwerf oor hoe 'n holistiese seniorbediening vir die kerk kan lyk. Kerkbode vertel meer van dié gedagtes wat hy met die kerk wil deel.

Lees ook oor 'n bediening vir kwesbare vroue wat in twaalfde kanse glo; van 'n gemeente wat 'n arm gemeenskap in Mosambiek besoek het en ryker teruggekom het as wat hulle gegaan het; en van die kerk se "biesiemandjie vol hoop" vir vroue met krisisswangerskappe.

Alan Childs vertel watter hoop daar lê in vennootskappe met nie-regeringsorganisasies vir stadsgemeentes wat sukkel om te oorleef.

Kerkbode stel u ook voor aan **Pierre du Plessis**, die wenner van die Desmond Tutu-Gerrit Brandprys vir debuutwerke met sy boek: Jesus ruik na mirre en stof.

Lees ook die jongste nuus oor die hofsaak tussen 'n groep lidmate en die kerk, oor 'n koorfees, oor die kerk se pogings om rustigheid in Noordwes-te help bring, en oor samewerking tussen kerke in Tshwane.

Jongste Bybelkor-publikasie

Om reg te stel – Ernst Conradie

Wat verg dit om dinge reg te stel as dit eers verkeerd geloop het? Dit is reeds moeilik wanneer iets tussen mense verkeerd loop, maar nog veel ingewikkelder as dit tussen groepe, organisasies en hele samelewings verkeerd loop. En tussen God en mens, Skepper en skepping?

Regverdiging en **geregtigheid** is twee woorde wat verduidelik wat dit verg om dinge reg te stel. Al twee is belangrik, veral in die gereformeerde tradisie, maar dit is besonder moeilik om reg te laat geskied aan regverdiging én geregtigheid. Hierdie boek gaan oor daardie "én".
Die probleem is dat baie mense wat graag oor regverdiging praat nie ewe opgewonde oor geregtigheid is nie, terwyl die omgekeerde ook geld. Hoe, dan, kan regverdiging en geregtigheid sáám herwin word?

Skrywer: Ernst Conradie is senior professor in die Departement Godsdiens en Teologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland en werk veral in die veld van Christelike ekoteologie.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

• Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
• Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
• Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

Terug

Bestmed: Verkiesing van Raad van Trustees

Elke Bestmed-lid het 'n skrywe vanaf Bestmed ontvang insake die verkiesing vir die nuwe Raad van Trustees.

Ds. JH (Hannes) Windell van die gemeente Sonhoogte in Germiston is tans die vier Sinodes van die ou Transvaal se verteenwoordiger. Hy is weer genomineer as die enigste kandidaat namens die **Werkgewersgroep: NG Kerk van Transvaal** en dit sal goed wees indien ons weer 'n verteenwoordiger daar kan hê.

Stemming kan tot op Maandag 28 Mei 2018 om 12:00 geskied.

Bestmed het by navraag die volgende bevestig:
1. Price Waterhouse Cooper (PwC) hanteer die verkiesing namens Bestmed.
2. Bestmed lede wat 'n e-pos adres het, sou op 20 April 2018 'n e-pos van PwC ontvang het met 'n skakel, wat u moet volg om u elektroniese stem te kan uitbring.
3. Bestmed lede wat nie 'n e-pos adres het nie, sal die stembrief per pos ontvang. U moet dan die voltooide stembrief soos volg terugstuur aan PwC:

Only **original** Ballot papers will be considered. **No copies, faxed or e-mailed documents** will be accepted and, if received, will be deemed to be invalid. Completed Ballot papers must either be physically delivered (option 1) or posted (option 2) as follows:

Option 1: Completed Ballot papers must be physically delivered to the Electoral Body by **12h00 (noon) on 28 May 2018**, at any of the PwC offices at the following physical addresses:

· PwC Bloemfontein, 61 Second Avenue, Westdene, Bloemfontein
· PwC Cape Town, 5 Silo Square, V&A Waterfront, Cape Town
· PwC Durban, 34 Richefond Circle, Ridgeside Office Park, Umhlanga Ridge, Durban
· PwC East London, Acacia House, Palm Square Business Park, Bonza Bay Road, Beacon Bay, East London
· PwC eMalahleni (Witbank), Ground Floor WCMAS Building, corner of OR Tambo and Susanna Streets, eMalahleni
· PwC Gauteng, 4 Lisbon Lane, Waterfall City, Jukskei View
· PwC Kimberley, Roylglen Office Park, PwC Building, corner of Welgevonden Avenue and Memorial Road, Kimberley
· PwC Lichtenburg, Marnel Building, corner of Stoltz and Bantjies Streets, Lichtenburg
· PwC Mahikeng, 32 Jones Close, Leopard Park, Mmabatho, Mahikeng
· PwC Middelburg, 11 Dolerite Crescent, Suite D, Middelburg
· PwC Nelspruit, Block 5, Riverside Office Park, Aqua Street Nelspruit, Mbombela
· PwC Paarl, PwC Building, Zomerlust Estate, Berg River Boulevard, Paarl
· PwC Pietermaritzburg, Block C, 21 Cascades Crescent, Cascades, Pietermaritzburg
· PwC Port Elizabeth, PwC Building, Ascot Office Park, 1 Ascot Road, Port Elizabeth
· PwC Robertson, 3 Church Street, Robertson
· PwC Secunda, Kiewiet Office Park, Block A, corner of Kiewiet and Walter Sisulu Streets, Secunda
· PwC Stellenbosch, Capital Place, 15-21 Neutron Avenue, Technopark, Stellenbosch
· PwC Welkom, Nedbank Building, 2nd Floor, Suite 204, 10 Ryk Street, Welkom or
· PwC Worcester, corner of Mountain Mill and Eastlake Roads, Worcester

The abovementioned PwC offices will only be open between **08h00 and 16h30, Mondays to Fridays excluding Saturdays, Sundays and public holidays**.

Option 2: Completed Ballot papers must be posted to **Private Bag x100, Menlo Park, 0102** using the self-addressed return envelope which is included in this electoral pack, and must reach the Electoral Body by no later than **12h00 (noon) on 28 May 2018**.

Vir enige navrae, kontak Bestmed by 012 429 0505 / bestmedelection2018@za.pwc.com

Terug